

# Godsdiensteier laat sy volgelinge skrik

## Van ons Ou Testament redaksie

SINAIBERG. – Die geestelike leier van die Israeliete, Moses seun van Amram se gesig het só geblyk na 'n tyd van geestelike afsondering in die teenwoordigheid van sy God op Sinaiberg dat sy volgelinge vir hom bang geword het. Hy was verplig om sy gesig met 'n sluier toe te maak voordat hy met hulle kon praat om die boodskap wat hy van sy God ontvang het, aan hulle oor te dra.

Dié sonderlinge verskynsel het hom aangespeel toe Moses na 'n tydperk van veertig dae en nagte in sy God se teenwoordigheid na sy volgelinge teruggekeer het. Blykbaar het hy in dié tyd geen kos geëet of water gedrink nie. Hy was weg om die sogenaamde Tien Gebooe of grondbeginsels van hulle godsdienste, deur sy God self op twee plat klippe gegraveer, in ontvangs te neem.

Dit is al die tweede keer dat Moses vir 'n tydperk van veertig dae in God se teenwoordigheid bly. Die vorige keer het hy ook die Tien Gebooe ontvang, maar toe hy teruggekeer het van die berg af, het hy ontdek dat die volk intussen vir hulle 'n goue beeld van 'n bulkalf opgerig het en dit aanbid het. Só ontsteld was hy oor die volk se geestelike dwaling dat hy die klippe waarop die gebooe gegraveer was, flenters gegooi het.

Hopelik sal dieselfde lot nie die tweede stel klippe ook tref nie.

- Lees hiervan in [Eks. 34:1-10](#) en 28-35.

# RABBI JESUS DALK 'n HEILIGE?

## Van ons Nuwe Testament redaksie

SESAREA-FILIPPI. – Die drie getrouste volgelinge van die omstrede rabbi Jesus

van Nasaret glo vas dat hulle meester 'n heilige is. Dié oortuiging kom nadat Jesus na bewering voor die oë van Simon en die broers Jakobus en Johannes van voorkoms verander het. Sy gesig het glo begin straal soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig.

Wat hulle verhaal nog vreemder maak, is dat Moses en Elia by dieselfde geleentheid aan hulle verskyn het en met Jesus gepraat het! Daarna het 'n helderligte wolk skielik sy skaduwee oor hulle gegooi. Die dissipels het toe 'n stem uit die wolk gehoor wat sê: "Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug. Luister na Hom."

'n Woordvoerder van die Joodse Raad, die priester Aleksander, het die bewerings egter as "verregaande arrogansie" en "snert" afgemaak. Hy het gesê dit is ontstellend dat Jesus mense so kan mislei. "Dit is nie net verdigsel nie. Ons het hier met godslastering te doen. Maar wat kan jy anders verwag? Hierdie mense kom almal van Galilea af. Hulle weet nie van beter nie," het hy gesê.

- Lees hiervan in [Matt. 17:1-8](#).

## 'n Nuwe boek verskyn

'n Balling op die eiland Patmos, ene Johannes, het pas 'n manuskrip voltooi van 'n boek wat hy bloot "Die Openbaring" noem. Die boek is geskryf in die apokaliptiese genre, en bevat naas 'n profesie oor die wêreldverloop tot aan die einde van die aarde se bestaan, ook 'n sewetal briewe aan die sewe gemeentes van Jesus Christus in Klein-Asië.

Volgens Johannes is die boek die vrug van 'n buitengewone visioen wat hy op die Patmosstrand gesien het toe Jesus van Nasaret aan hom verskyn het. "Dié ontmoeting het my hele lewe verander. Ek glo dit sal ook elkeen wat die boek lees so aangryp soos dit my aangryp het," het die vriendelike grysaard gesê.

Lees hiervan in [Openb. 1](#).

---

# Die Bybelkoerant

## Die glans van God

Die vlekkelose heiligheid van ons Heiland het slegs een keer tydens sy aardse lewe déúr sy menslike natuur gebreek, daar op die berg van verheerliking, toe Hy besig was om te bid (vgl. Luk. 9:29). Sy hele voorkoms het verander: sy klere 'n skitterende wit, sy gesig stralend soos die son. Dit was ook wat Johannes op Patmos gesien het: "Sy hele voorkoms was soos die son wat op sy helderste skyn" (Openb. 1:16).

Toe Moses op Sinaiberg in noue kontak met God gekom het, het iets van hierdie majesteitlike heiligheid aan hom afgegee. Daarom begin sy gesig dié heilige heerlijkheid uitstraal.

Vandag is dit nog so. 'n Mens wat naby God lewe, verander. So iemand begin net eenvoudig iets van God se heerlijkheid uitstraal. Jy sien dit in haar oë, jy hoor dit in haar praat, jy merk dit in haar optrede. Dit kan ook nie anders nie. "Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem," skryf Paulus as hy hierdie gebeurtenis in herinnering roep. "Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is" ([2 Kor. 3:18](#)).

Verlig die glans van ons hemelse Verlosser jóú gesig?

---

# Die Israeliete berei voor vir 'n verbond met God

## Van ons Ou Testament redaksie

SINAIBERG. - In 'n dramatiese skouspel van kosmiese kragte het die Israeliete se God gister hier by die berg aan dié woestynvolk verskyn. Die verskyning kom op die vooraand van 'n historiese verbondsluiting tussen die volk en hulle God.

Die volk het hulle in opdrag van hulle leier Moses twee dae lank vir die ontmoeting voorberei deur te vas en hulle te reinig. As verdere voorsorgmaatreël is almal, mens en dier, verbied om dit naby die berg te waag.

Niks kon hulle egter voorberei op die ontsagwekkende gebeure wat hulle gister beleef het nie. Met dagbreek gisteroggend was daar donderslae, weerligte en 'n donker wolk op Sinaiberg. Die sterk, helder klank van 'n ramshoring het onophoudelik weerklink. Rook het uit die berg getrek sodat dit gelyk het of die hele berg aan die brand geslaan het. 'n Hewige aardbewing is ook waargeneem.

Só ontsettend was die skouspel dat die Israeliete vir hulle lewe gevrees het. Hulle het Moses versoek om liever namens hulle verder met God te onderhandel.

Moses het toe die berg uitgeklim om die Wet van God, wat die inhoud van hulle verbondsooreenkoms met Hom is, in ontvangs te neem.

Ondertussen heers daar ontsteltenis onder die volksleiers omdat Moses nog nie weer van die berg af teruggekeer het nie. Hy is laas opgemerk toe hy die donker wolk wat oor die berg hang, ingestap het. Hy is sedertdien nog nie weer gesien nie. Een van die leiers het opgemerk: "Dis waarvoor ons bang was. 'n Gewone sondige mens kan mos nie voor die lewende God verskyn nie! Sy heiligheid sal jou eenvoudig verteer. Ek dink nie ons sal vir Moses weer sien nie."

- Lees meer hiervan in [Eks. 19](#) en [20:18-21](#).

# RABBI MAAK OFFERDIENS ONMOONTLIK, SÊ LJR

## Van ons verteenwoordiger in die Joodse Raad

JERUSALEM. - Die rabbi Jesus van Nasaret maak dit vir gewone mense bitter moeilik om hulle godsdienstige verpligtinge na te kom.

Só sê 'n vooraanstaande priester en lid van die gesaghebbende Joodse Raad. Hy is om kommentaar genader oor uitsprake wat rabbi Jesus sou gemaak het in 'n onlangse preekrede op 'n heuwel in Galilea. Jesus het glo gesê 'n mens moet jou offer laat staan as jy weet dat iemand iets teen jou het. "Wie van ons het nie êrens iemand wat vir hom kwaad is nie?" het die priester, wat nie sy naam gepubliseer wil hê nie, gevra.

Hy het bygevoeg dat hierdie soort uitsprake uiters onverantwoordelik is, want dit ontmoedig die gewone mense om aan die offers deel te neem. Daarmee neem hy eintlik die priesters se brood uit hul mond, want hulle deel van die offervleis is 'n belangrike inkomstebron vir die priestergemeenskap.

Simon bar Jona, een van Jesus se dissipels, sê egter dat Jesus uit konteks aangehaal is. Hy het wel gesê jy moet jou gawe los as jy weet iemand het iets teen jou. Maar dit was nie al wat hy gesê het nie. Hy het voorts gesê dat jy dan met jou broer moet gaan vrede maak, sodat, wanneer jy daarna jou offer bring, jy dit ongehinderd kan doen.

- Lees van Jesus se uitsprake oor die bring van offers in [Matt. 5:23-24](#).

## **Sondaar en regverdig tegelyk**

'n Saak wat jou opval as jy van die gebeure daar by Sinaiberg lees, is die uitvoerige voorbereidings wat die Israëliete moes tref alvorens hulle vir God kon ontmoet: twee dae lank moes hulle hulle liggaamlik en geestelik reinig. Die boodskap aan die Israëliete is duidelik: om die lewende God te ontmoet, is nie 'n gebeurtenis wat jy sommer so in jou gewone alledaagse gang indruk nie. God is immers heilig, en wie voor Hom verskyn, moet daarom ook heilig wees, anders wees, afgesonder vir diens aan Hom. Dit was ook Jesus se boodskap aan sy dissipels: berei jou voor wanneer jy God tegemoet tree.

Ten spyte van hulle uitvoerige voorbereidings het die Israëliete egter ongemaklik en bang gebly. Daarom versoek hulle Moses om as tussenganger vir hulle in te tree. En hierin sou Moses die voorloper word vir 'n ander Tussenganger, ons Middelaar, Jesus Christus. Hy het sonde geword, onrein, vervloek en verwerp op Golgota, sodat ons geheilig en rein voor die lewende God kan staan, sonder vrees. Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees ([2 Kor. 5:21](#)).

Vrygespreek - en tog! Maarten Luther sê ons is *simil iustus et peccator*, tegelyk regverdig én sondaar. Laat ons dit onthou as ons voor God verskyn. Sonder voorbereiding kon Israel nie voor God gaan staan nie. En behoort ons ook nie.

---

# **Jesus se dissipels na Galilea ontbied**

## **— verwarring en onsekerheid duur voort**

JERUSALEM. - Die elf oorblywende dissipels van Jesus van Nasaret het gister na Galilea vertrek "om van rabbi Jesus afskeid te neem," soos hulle dit gestel het.

Die twaalfde dissipel, Judas Iskariot, het kort na Jesus se kruisiging ses weke gelede homself opgehang nadat hy en die Joodse Raad 'n ernstige woordewisseling gehad het. Dit is bekend dat Judas destyds 'n leidende rol gespeel het in Jesus se gevangening.

Sedert Jesus van Nasaret gekruisig is, het gerugte hardnekkig die ronde bly doen dat die rabbi uit die dood opgewek is. Dié bewerings is egter van meet af aan met groot beslistheid deur die Joodse Raad verwerp. Ook het geeneen buite die dissipelkring die rabbi gesien om hulle bewerings te staaf nie.

Intussen bly selfs die dissipels verdeeld oor die vraag of hulle rabbi werklik uit die dood opgestaan het. Party van hulle is baie skepties, en het aan *Bybelkoerant* gesê hulle gaan maar saam na Galilea om te sien wat gebeur.

Simon Petrus, die leier van die dissipels, is egter vol vertrouwe dat dié ontmoeting die begin van groot dinge kan beteken. “Ons is maar eenvoudige manne en verstaan nog nie mooi wat aan die gebeur is nie, maar dat ons Meester groot dinge op sy agenda het, is seker. Ons rol as dissipels in sy toekomsplanne is ook nog nie heeltemal duidelik nie, maar ek glo ons sal in Galilea hoor wat ons moet doen,” het hy gesê.

- Lees van hierdie afskeidsgesprek, en party dissipels se onsekerheid, in [Matt. 28:16-20](#).

## Gemeente ontvang jong leraar

EFESE. – Daar was die afgelope naweek groot opgewondenheid en dankbaarheid toe ds. Timoteus in die Christelike gemeente hier as leraar ontvang is.

Ds. Timoteus is Sondagoggend deur die bekende sendeling en stigter van die gemeente hier, Paulus van Tarsus, as leraar bevestig. Sy teks was Ps. 100:2: “Dien die Here met blydschap!” In sy bevestigingsrede het Paulus dit by die jong leraar ingeskerp dat hy 'n dienaar van Jesus Christus is, en dat hy nie moet toelaat dat enigiets of iemand hom keer om sy roeping uit te leef nie, of op hom neersien omdat hy jonk is nie.

In 'n aandoenlike seremonie het al die ouderlinge ná die preek na vore gekom en die jong leraar die hande opgelê. Elkeen het ook die geleentheid gekry om 'n woord van aanmoediging aan ds. Timoteus te gee. Die gemeente kon daarna hulle nuwe leraar van nader leer ken toe almal gesellig saam geëet het.

In sy intreerede Sondagmiddag het ds. Timoteus gesê hy wil graag 'n beeld gebruik wat die groot prediker Johannes die Doper ook van sy eie bediening gebruik het. Hy het gesê hy sien homself as die strooijonker, en sy plig is om die gemeente van Efese, wat die bruid van Christus is, op te pas en te versorg totdat die Bruidegom, Jesus Christus, kom. "Hy moet meer word, en ek minder."

Ds. Timoteus is 'n boorling van Derbe. Na sy skoolopleiding het hy by Paulus se sendingaksie aangesluit, en sedertdien is hy intensief deur Paulus vir die bediening geskool. Hy het ook al in verskeie gemeentes in Klein-Asië en veral Masedonië afgelos. Efese is egter die eerste gemeente waar hy hom sal vestig.

- Jy kan meer oor Paulus se raad aan die jong Timoteus lees in sy twee briewe aan Timoteus. Kyk veral na [1 Tim. 4:6-16](#). Kyk ook na [Joh. 3:27-30](#).

---

## Die Bybelkoerant

### Wie die Here gebruik

Ek verwonder my elke keer weer aan die woorde in Matt. 28:17: "Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het." Aan hierdie onseker, twyfelende groepie volgelingen vertrou die Here Jesus die toekoms van sy kerk toe! Want na hierdie ontmoeting is Hy hemel toe, en moes die dissipels sy lewenstaak voortsit.

Hoe kon Hy in hierdie omstandighede selfs net daaraan dink om sy dissipels agter te laat en hemel toe te gaan?



Daar is twee redes: Hy móés gaan om sy regmatige plek as Koning van die konings op die hemeltrou te gaan inneem, sodat Hy kan heers, óók oor die kerk. Maar Hy kon ook gaan omdat Hy sy dissipels nie aan hulle eie lot oorgelaat het nie. Sy slotwoorde is immers: “Ek is by julle al die dae ...” (Matt. 28:20).

Sy hemelvaart het nie beteken dat Hy sy kerk verlaat nie. Deur sy Gees is Hy steeds teenwoordig, en juis dít is die geheim van die “sukses” van die kerk, ten spyte van twyfelaars, en onervare werkkragte soos Timoteus.

Hemelvaart is ’n mosie van vertrouwe wat Jesus Christus in sy dissipels - in óns - stel, dat ons onder leiding van sy Gees sal voortbou aan sy koninkryk.

Het jý al aangemeld vir diens?

---

# Jesus is nie meer dood nie, sê volgelingen

**Kenner voorspel: kopseer vir die Joodse Raad nog lank nie verby nie**

JERUSALEM. - Hardnekkige gerugte doen hier die rondte onder volgelingen van Jesus van Nasaret dat hy nie dood is nie. Hy is verlede Vrydag op Golgota gekruisig.

Jesus het na bewering gister, drie dae nadat hy dood en begrawe is, aan verskeie van sy volgelingen verskyn.

Volgens Simon seun van Johannes, die leier van die dissipels, het hy en nog ’n dissipel, Johannes seun van Sebedeus, gisteroggend vroeg gaan ondersoek instel toe hulle gehoor het dat Jesus se liggaam nie meer in die graf is nie. Toe hulle by die graf kom, het hulle net die doeke daar gekry. Van Jesus se liggaam was daar geen teken nie. “Ons is toe huis toe, maar kort daarna het ’n vriendin, Maria

Magdalena, vir ons kom vertel dat ons meester aan haar verskyn het. Hy het selfs met haar gepraat.

“Ons was eers skepties, maar gisteraand het ons hom almal gesien. Hy het in lewende lywe voor ons gestaan, en om ons te oortuig dat hy nie 'n spook is nie, het hy selfs 'n stukkie vis saam met ons geëet! Ek het met my eie hande aan hom gevat, en glo my, hy lewe! Dis beslis nie 'n spook wat ons gesien het nie,” het 'n opgewonde Petrus vertel.

## **Grafskenders**

Intussen het die Joodse Raad vanoggend vroeg op 'n nuuskonferensie bekend gemaak dat grafskenders, vermoedelik volgelingen van Jesus, gedurende die nag sy liggaam gesteel en op 'n onbekende plek herbegrawe het. “Ons was bang so iets kan gebeur, en daarom het ons 'n wag by die graf geplaas om dit te bewaak. Ongelukkig het die wag aan die slaap geraak,” het die hoëpriester Kajafas gesê.

Op 'n vraag hoe hy dit verklaar dat so baie mense beweer dat hulle Jesus gesien het, het hy gesê hy het nie 'n verklaring daarvoor nie, en kan maar net bespiegel oor wat werklik gebeur het. “Dit kan 'n goed beplande leuen van die klomp dissipels wees. Dit kan ook wees dat een of twee vir die grafskending verantwoordelik is, en dat hulle die storie dat hy uit die dood opgestaan het, begin het. Die mense van Galilea is maar eenvoudig en liggelowig,” het hy gesê.

Kajafas het geweier om in diskussie te gaan oor Jesus se aansprake dat hy die Messias is, aangesien bloot die gedagte daaraan volgens hom godslasterlik is. Nie eers die berig dat hy uit die dood opgestaan het, kan sy opinie hieroor verander nie, het hy gesê.

Die hoëpriester het gesê hulle het al so baie probleme met Jesus in die verlede gehad, en hulle het gemeen dat dié probleme ná sy teregstelling op 'n end sal wees. Hy het die hoop uitgespreek dat die nuutste storie gou sal oorwaai.

- Lees hiervan in [Matt. 27:62-28:15](#), en ook die berigte in [Luk. 24](#) en [Joh. 20](#).

# JESUS-DISSIPEL STEUN RAAD; ONTKEN OPSTANDING

JERUSALEM. – Nie al die dissipels van Jesus stem saam dat hy lewe nie. Een van sy twaalf vertrouelinge, Tomas, ook bekend as Didimus, het vanoggend tot sy vriende se groot ontsteltenis ten sterkste ontken dat hy Jesus ná sy begrafnis weer gesien het. Hy het gesê dit klink vir hom na ouvroustories, en bygevoeg dat, hoe swaar dit ook al vir hom is, hy in dié geval nie anders kan as om met die Joodse Raad saam te stem nie (lees ook die hoofberig op dié bladsy).

Tomas het aan *Bybelkoerant* gesê: “As ek nie met my eie oë die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo dat hy lewe nie.”

- Lees hiervan in [Joh. 20:24-31](#).

---

## Die Bybelkoerant

Natuurlik was dit vir die dissipels ongelooflik om te aanvaar dat Jesus lewe. Tomas sê sommer reguit dat hy nie vir dié storie val nie. Ook die Emmausgangers weier aanvanklik om te glo. Hulle vertel vir hulle Reisgenoot: “Nou het ’n paar vroue uit ons kring ons ook nog ontstel ...” (Luk. 24:22). Dit klink nie juis na mense wat opgewonde was oor die nuus dat Hy lewe nie! En tog, kort daarna kon hulle nie wag om terug te kom in Jerusalem om die goeie nuus te vertel dat Jesus lewe nie. Want intussen het hulle die Here self gesien.

Dit is die punt. Slegs vir iemand wat Jesus persoonlik ontmoet het, maak die berig van sy opstanding sin. Vir die Joodse Raad en selfs vir die dissipels voordat hulle Hom self gesien het, was dit te veel gevra om te glo.

Die boodskap dat Jesus lewe, sal vandag ook net vir ons betekenis hê as ons Hom

iewers langs die pad persoonlik leer ken het. Hoorsê is nie goed genoeg nie. Eers wanneer jy Hom ontmoet as die lewende, opgestane Verlosser, eers dan kan jy soos Tomas aanbiddend kniel en opreg bely (Joh. 20:28): “My Here en my God!”

---

## **HOOF VAN GVE MET FAMILIE HERENIG**

AVANIS. - Daar was groot vreugde in die paleis van Safenat-Paneag toe hy gister met sy familie ná 'n skeiding van twintig jaar herenig is.

'n Woordvoerder van sy kantoor het bekend gemaak dat die sogenaamde. “spioene” wat al 'n paar keer met die gereg gebots het, al die tyd Safenat-Paneag se broers is. Die misverstand kan maklik verklaar word as 'n mens in ag neem dat Safenat-Paneag maar net sewentien jaar oud was toe hy na Egipte gekom het. Die woordvoerder het ook gesê die farao het Safenat-Paneag se vader en sy hele familie genooi om in Egipte te kom bly, aangesien die hongersnood in Kanaän hierdie gesiene veeboere swaar getref het. Die farao het waens tot hulle beskikking gestel om hulle met die trek te help. Na verwagting sal die familie hulle in die Gosen-provinsie vestig.

- Lees hiervan in [Gen. 45:1-24](#).

## **Patriarg hoor na twintig jaar sy lieflingseun is nie dood**

BERSEBA. - Jakob seun van Isak het die grootste verrassing van sy lewe gekry toe hy vanoggend gehoor het sy lieflingseun Josef lewe nog. Hy het twintig jaar gelede aanvaar dat Josef dood is toe sy bediendes sy bebloede, verskeurde klere uit die veld vir hom gebring het.

Wat die verrassing soveel groter maak, is dat Josef intussen die onderkoning van Egipte geword het. Hy is die hoof van die graanopbergingsprojek in Egipte. Dit blyk nou dat Josef destyds deur sy broers as slaaf verkoop is aan Midianitiese handelaars, en so het hy in Egipte beland. Daar was in daardie dae groot ongelukkigheid onder Jakob se ander seuns omdat hulle pa Josef voorgetrek het.

Al dié onmin is blykbaar nou iets van die verlede, want Josef het sy broers vergewe. “Dit laat my nogal ver terugdink aan my eie jongmansdae,” het Jakob gesê. “Ek het destyds my broer Esau net so gruwelik veronreg, maar toe ek na twintig jaar se ballingskap in vrees en bewing na my geboorteland terugkeer om Esau vir die eerste keer in die oë te kyk, was daar geen wrok by hom nie. Hy het my vergewe, net soos Josef nou met sy broers gedoen het.”

- Lees hiervan in [Gen. 45:25-28](#) en [Gen. 33:1-12](#).

## **Moenie tel as jy vergewe nie, sê rabbi**

KAPERNAUM. - Die rabbi Jesus van Nasaret het hom weer eens teen die gangbare lering uitgespreek toe hy sy dissipels beveel het om nooit op te hou met vergewe nie.

Een van sy dissipels, Simon, het hom naamlik gevra hoeveel keer hy sy broer moet vergewe as hy iets verkeerd teen hom doen. Simon het gemeen dit sal sy leermeester tevrede stel as hy sewe maal vergewe. Waarop Jesus geantwoord het: “Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer.”

*Die Bybelkoerant* het ander rabbi's se mening hieroor ingewin, en hulle het almal dieselfde antwoord gegee. Die oorgelewerde tradisie vereis van jou om iemand tot drie keer toe te vergewe. Alles wat jy meer as dit doen, is oortollige goeie werke. “Moet jou tog nie aan Jesus steur nie,” het een rabbi ons aangeraai, en bygevoeg: “Hy kom tog net van Nasaret. Wat verwag jy?”

- Lees hiervan in [Matt. 18:21-35](#).

---

# Die Bybelkoerant

## Vergifnis is 'n moet, sê Jesus

Wanneer Jesus vir sy dissipels leer hoe belangrik dit is om te vergewe, vertel Hy hulle die gelykenis van die ondankbare amptenaar wat self soveel vergifnis ontvang het, maar dit nie verder deurgegee het aan sy mede-amptenaar nie. Op die ou end beland hierdie man in die tronk 'om gemartel te word totdat hy al die skuld betaal het' ([Matt. 18:34](#)). En dan sluit Jesus af met hierdie woorde: "So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie" ([vers 35](#)).

Helmut Thielicke, 'n bekende teoloog, sê na aanleiding hiervan dat genade soos 'n aflosstokkie is. 'n Mens deel net in die oorwinning as jy die stokkie aangee. As jy daaraan vasklou en alleen enduit hardloop, word jy gediskwalifiseer, selfs al kom jy eerste, want dis teen die reëls. Iets hiervan het Josef verstaan. Maar Josef het ook iets anders ontdek wat hom gehelp het om te kan vergewe. Hy het raak gesien dat God met hom en sy broers besig is. "God het my voor julle uitgestuur om lewens te red," sê hy in [Gen. 45:5](#). Later sou hy dit nog duideliker vir sy broers uitspel: "Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het" ([50:20](#)).

As jy 'n oog daarvoor het dat God sy plan met jou lewe sal bereik, ondanks die kwaad jou aangedoen, raak dit makliker om van harte te vergewe, soos Hy ons vergewe het. Bid om dié insig. Dan sal jy ophou boekhou van die kwaad.

---

# DIE MESSIAS IS GEBORE, SÊ

# SKAAPWAGTERS

## Van ons Nuwe Testament redaksie

BETLEHEM. – Skaapwagters van die omgewing het teoloë hier verstom met bewerings dat die Messias gebore is. Engele het dit glo laasnag aan hulle vertel. Daarna het hulle self gaan kyk, en die Kindjie in 'n stal gekry.

Volgens die skaapwagters was hulle in die veld besig om hulle skape op te pas, toe hulle die ongelooflike tyding gekry het. Eers was daar net een engel wat die aankondiging gemaak het, maar kort daarna het 'n hele magtige koor van engele by hom aangesluit met 'n loflied tot Gods eer. “Dit was die mooiste musiek wat ek nog ooit gehoor het,” het een van die herders gesê terwyl die ander instemmend knik.

Teoloë met wie *Die Bybelkoerant* gesels het, is baie skepties oor dié vertelling. “Ek vind dit baie vreemd dat skaapwagters van alle mense die boodskap dat die Messias gekom het, gehoor het,” het rabbi Ariël gesê. “'n Mens sou verwag dat ons teoloë darem seker eerste daarvan sou weet. Buitendien, ons weet almal dat die skaapwagters goed weglê aan die voggies om die nagkoue weg te keer. G' n wonder hulle sien naderhand engele nie!” 'n Ander skrifgeleerde, rabbi Johanan, het bygevoeg: “Ons weet almal skaapwagters is onbetroubare getuies. Dis dié dat hulle woord nie in 'n hof aanvaar word nie. So jammer, maar hierdie storie is darem net te dik vir 'n daalder.”

Of die herders se verhaal werklikheid of verbeelding is, sal net die tyd leer. Dat die nag hulle lewe verander het, is egter onteenseglik. *Bybelkoerant* wonder of enige iemand só verwonderd kan wees oor hallusinasies uit 'n bottel.

- Lees hiervan in [Luk. 2:8-20](#).

## GEBOORTES

BEN JAKOB. Vir Josef, seun van Jakob, en sy vrou, Maria, is die allerfraaiste klein babaseuntjie Jesus in Betlehem gebore. Ons staan in verwondering voor u groot almag, o Heer!

- Lees hiervan in [Matt. 1:18-25](#).
- 

## Om oor na te dink

Ek ontdek al hoe meer hoeveel anders God as ons is, en hoe anders Hy oor dinge dink as ek.

Die menswording van die Seun van God is die grootste gebeurtenis in die bestaan van die mensdom. Daarvoor is die Bybel baie duidelik. As God die grootste gebeurtenis in mensegeskiedenis laat gebeur, is dit nogal opmerklik dat die hoofkarakters in hierdie ongelooflike drama gewone mense was. Nie die politieke leiers nie, nie groot geleerdes nie, en selfs nie eers die godsdienstige leiers van destyds nie. Nee. Ons lees van Maria, 'n eenvoudige meisie uit Nasaret. Ons lees van haar verloofde, Josef. Hy was 'n doodgewone skrynwerker. En ons lees van skaapwagters. Ruwe, geharde manne. Gewone mense. Eenvoudige mense.

Dit sê vir my iets van die mense onder wie God tuis voel. En dit sê iets van die manier waarop God wil dat ons moet lewe. Prag en praal en luuksheid beïndruk Hom nie juis nie. God voel eerder tuis dáár waar mense in eenvoud en opregtheid lewe.

Mag jy en jou mense 'n baie geseënde Kersfees beleef. En mag jy, in die gees van Kersfees, in eenvoud en opregtheid die Kind van Betlehem volg, die nuwe jaar in!